**VETERINÊRE MEDISYNE, SLEGS VIR DIEREGEBRUIK**

**SKEDULERINGSSTATUS**

S4

**EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM**

# ULTRAJECT Inspuiting

**SAMESTELLING**

**Elke 1,0 mℓ suspensie bevat:**
Prokaïenbensielpenisillien 300,0 mg
**Antioksidante:**
Butielhidroksieanisool 0,07 % *m/v*
Butielhidroksietolueen 0,07 % *m/v*

**FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE**
C 17.1.1.1 Penisillien.

**FARMAKOLOGIESE WERKING**
Prokaïenbensielpenisillien is 'n beta-laktaam antibiotikum en sy struktuur bevat die beta-laktaam ring en tiasolidien ring wat algemeen gevind word by alle penisilliene.

Prokaïenbensielpenisillien vertoon aktiwiteit teen vatbare Gram-positiewe bakterieë soos *streptococci, corynebacteria*, Erysipelothrix spp., *clostridia* en *staphylococci* (nie-penisillienase produserend) maar het 'n beperkte aktiwiteit teen Gram-negatiewe bakterieë uitsluitende die meer vatbare Gram-negatiewe aerobe soos *Pasteurella* spp.

Beta-laktaam antibiotika voorkom dat bakteriële selwandvorming plaasvind deur in te meng in sintese van peptidoglikaan. Hulle inhibeer die aktiwiteit van transpeptidase ensieme, wat verantwoordelik is vir die kruis-binding van die glikopeptied polimeer eenhede wat die selwand vorm. Hulle het bakteridodende werking en veroorsaak lise in groeiende selle.

*In vitro* sensitiwiteit beteken nie noodwendig *in vivo* effektiwiteit nie.

**INDIKASIES**
Teiken spesies: Beeste, Varke en Skape.

Ultraject Inspuiting word aangewys vir gebruik in beeste, varke en skape in die behandeling en die beheer van 'n wye reeks van algemene sistemiese, respiratoriese, urinêre en plaaslike infeksies wat veroorsaak word deur, of wat geassosieer word met organismes wat sensitief is teen penisilliene, insluitend *Trueperella pyogenes, Erysipelothrix rhusiopathiae, Mannheimia haemolytica, Pasteurella multocida, Staphylococcus* spp. (nie-penisillienase produserende) en *Streptococcus* spp.

Ultraject Inspuiting sal dus effektief wees in die behandeling van infeksies wat veroorsaak word deur vatbare organismes, insluitende:

Velsiekte;
Gewrigs- en naelstring infeksies;
Lugweginfeksies, insluitend longontsteking en atrofiese rinitis,
Meningitis;
Septisemie;
Toksemie geassosieer met mastitis en
Urogenitale infeksies.

**KONTRA-INDIKASIES**
Ultraject Inspuiting is teenaangewys in bekende gevalle van hipersensitiwiteit vir penisilliene en aanverwante middels.
Moenie intraveneus of intratekaal toedien nie.
Moenie in klein herkouers soos hase, marmotte, springhaasmuise en hamsters gebruik nie.

Psitasoon voëls is sensitief teenoor prokaïen.

**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**
Anafilaktiese skok kan voorkom wanneer die middel toegedien word aan diere met bekende oorgevoeligheid vir penisilliene of aanverwante middels. Adrenalien, kortikosteroïede en antihistamiene behoort gebruik te word om anafilakse te behandel.

*As die inspuiting onderhuids toegedien word:*
Diere mag nie geslag word vir menslike gebruik tydens behandeling nie.
Beeste mag geslag word vir menslike verbruik slegs 10 dae na die laaste behandeling.
Skape mag geslag word vir menslike verbruik slegs 12 dae na die laaste behandeling.
Melk moet nie gebruik word vir menslike gebruik nie.

*As die inspuiting intramuskulêr toegedien word:*
Diere mag nie geslag word vir menslike gebruik tydens behandeling nie.
Beeste mag geslag word vir menslike verbruik slegs na 21 dae na die laaste behandeling.
Varke mag geslag word vir menslike verbruik slegs na 7 dae na die laaste behandeling.
Skape mag geslag word vir menslike verbruik slegs na 12 dae na die laaste behandeling.
Melk moet nie gebruik word tydens behandeling nie.
Melk vir menslike gebruik mag eers geneem word 5 dae na die laaste behandeling.

*Spesiale voorsorgmaatreëls wat geneem moet word deur persone wat die produk aan diere toedien:*
Penisilliene en kefalosporiene kan lei tot hipersensitiwiteit (allergieë), na inspuiting, inaseming of vel kontak. Hipersensitiwiteit vir penisilliene kan tot kruisreaksies met kefalosporiene lei en omgekeer. Allergiese reaksies vir hierdie middels kan somtyds ernstig wees.

Persone wat bewustelik hipersensitief is vir hierdie produk en diegene wat aangeraai is om nie met sulke voorbereidings te werk nie moet hantering van hierdie produk vermy.

Alle voorsorgmaatreëls moet getref en toegepas word, sodat die produk versigtig hanteer word om enige blootstelling aan die produk te voorkom en vermy.

Indien enige hipersensitiwiteitsreaksies soos veluitslag, of die meer ernstige reaksies soos swelling van die gesig, lippe of oë, en asemhalings probleme na blootstelling ontwikkel, moet onmiddelike mediese advies geraadpleeg word of na die naaste hospitaal geneem word.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**
Ultraject Inspuiting is aangewys vir intramuskulêre toediening aan beeste, varke en skape en vir onderhuidse toediening aan nie-lakterende beeste. Gebruik die inhoud van die flessie binne 28 dae na die eerste onttrekking.

Die aanbevole dosis is 20 mg prokaïenpenisillien / kg liggaamsmassa gelykstaande aan 1 mℓ per 15 kg liggaamsmassa elke 48 uur totdat die verlangde reaksie verkry is of totdat die behandeling geherevalueer word.

**NEWE-EFFEKTE**
Soms kan die toediening van penisilliene aan suigende- en speenvarke 'n verbygaande verhoogde koors, naarheid, bewerasie, lusteloosheid en gebrek aan koördinasie veroorsaak. In dragtige- en jong soë en jong soë is 'n vulvulêre afskeiding, wat geassosieer mag word met aborsie, al gerapporteer.
Alhoewel bensielpenisillienprokaïen goed verdra kan word, kan 'n effense, kortstondige plaaslike reaksie soms plaasvind / waargeneem word.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN**
Sien newe-effekte. Behandeling is simptomaties en ondersteunend.

**IDENTIFIKASIE**
Olierige wit/naas-wit suspensie in helder glasflessies.

**AANBIEDING**
Ultraject Inspuiting word aangebied in 50 mℓ en 100 mℓ helder glasflessies.

**BERGINGSAANWYSINGS**
Gebruik die inhoud van die flessie binne 28 dae na die eerste onttrekking.
Bewaar benede of by 25 °C.
Beskerm teen lig.

**HOU BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS, ONINGELIGTE PERSONE EN DIERE.**

**REGISTRASIEHOUER:**
00/21.1/2

**Uitvoerlande:**
Namibië: NS2 V06/17.1.1.1/1173

**REGISTRASIEHOUER:**
KYRON ANIMAL HEALTH (PTY) LTD
Reg. No. 2004/021847/07
Unit 45A, 45 Parkview Street
Highway Business Park
Roohuiskraal, Extension 31
Centurion

KYRON

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET**
15 Junie 2005